MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

5 MARCH 2012

Voorgestelde grondwetwysigings: Sê ANC nou verdesverdrag eensydig op?
"Die argumente wat die ANC se jongste voorgestelde grondwetlike wysigings onderlê kan baie moeilik as enigiets anders as die opsegging van die land se vredesverdrag vertolk word," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Die ANC moet versigtig wees om nie deur hul woorde en optrede aan ander groepe die 'verskoning' te bied om tot gewapende optrede oor te gaan nie. Die land het meer brugbouers, en minder slopers nodig, en die land sal al hoe meer gepolariseerd raak namate die ANC hom by die slopers skaar.
"Met die ANC se styl, word broodnodige veranderings aan die grondwet wat ons en baie ander reg oor die politieke spektrum voorstaan, al hoe moeiliker, omdat die ANC in die teenoorgestelde rigting beweeg, en al hoe meer druk op die onderhandelde grondwetlike beginsels plaas.

"Ons doen 'n beroep op pres. Jacob Zuma om dringend gestalte te gee aan sy belofte in sy eeufeesrede van nasionale dialoog. Almal in die land, nie net die ANC nie, het belang by beoogde grondwetlike wysigings."

Proposed constitutional changes: Is ANC unilaterally scrapping peace accord?
"The arguments used by the ANC to motivate the latest proposals for constitutional change are hard to be interpreted in any other way than that the ANC is scrapping the peace accord," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP).

"The ANC needs to tread carefully and not employ words and deeds that may be used by some as an 'excuse' to resume armed conflict. The country needs bridge builders, not demolishers, and the country will increasingly become more polarised as long as the ANC sides with the demolishers.
"With this attitude in mind, the real necessary changes needed to the constitution, which we and many across the political spectrum support, become nothing but pie in the sky as the ANC moves in the opposite direction. By so doing the ANC places more and more pressure on the negotiated constitutional principles.

"We urgently call on Pres. Jacob Zuma to put his money where his mouth was when he proposed national dialogue in his centenary address. All in the country, not only the ANC, has a stake in any proposed constitutional changes."